

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
 VAN SUIDWES - AFRIKA.
OFFICIAL GAZETTE



EXTRAORDINARY
 OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GEBAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Dinsdag, 10 Junie 1958 WINDHOEK Tuesday, 10th June, 1958 No. 2150

INHOUD.	Bladsy	CONTENTS.	Page
GOEWERMENTSKENNISGEWING—		GOVERNMENT NOTICE—	
No. 131. Ordonnansie 1958: Uitvaardiging van	459	No. 131. Ordinance, 1958: Promulgation of	459

Goewermentskennisgewing.

Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
 Windhoek.

The following Government Notices are published for general information.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
 Windhoek.

No. 131.] [10 Junie 1958. No. 131.] [10th June, 1958.

ORDONNANSIE, 1958: UITVAARDIGING VAN.

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel twee-en-dertig van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925” (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansie wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel vier-en-dertig van gemelde Wet:—

No.	Titel	Bladsy
No. 14.	Ordonnansie op Dieresiektes en -parasiete 1958	460

ORDINANCE, 1958: PROMULGATION OF.

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South-West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

No.	Title	Page
No. 14.	Animal Diseases and Parasites Ordinance, 1958	460

No. 14 van 1958.]

ORDONNANSIE

Om die wette betreffende dieresiektes en -parasiete te konsolideer en te wysig.

(Goedgekeur 4 Junie 1958).

(Engelse teks deur die Administrateur geteken).

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. In hierdie Ordonnansie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

- (i) „beampte” ’n beampte van die Departement; (xi)
- (ii) „besmetlike ding” enigiets buiten ’n dier, vervoermiddel of parasiet, wat, na die Administrateur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* verklaar waarskynlik ’n siekte of parasiet in die Gebied sal inbring of versprei; (vii)
- (iii) „bewoner” met betrekking tot —
 - (a) grond wat deur die Administrasie gebruik word, die persoon wat toesig hou oor sulke grond of dit beheer of bestuur;
 - (b) grond wat die Suid-Afrikaanse Naturellestuif besit, of ’n lokasie soos omskryf by artikel *vyf-en-twintig* van die Naturelle-administrasie Proklamasie, 1928 (Proklamasie 15 van 1928), die kaptein daarvan of, indien daar nie ’n kaptein is nie, die hoofman daarvan, of, indien daar nie ’n hoofman is nie, dié persoon wat die Administrateur, na oorlegpleging met die Minister van Naturellesake, as bewoner aanwys;
 - (c) ’n meent of uitspanning, wat nie deur ’n plaaslike owerheid beheer word nie, dié persoon wat die Administrateur as bewoner aanwys; en
 - (d) enige ander grond, met inbegrip van Kroongrond wat ingevolge ’n huurkontrak, vergunning of toekenning besit word, dié persoon wat daarop woon, of indien daar nie so iemand is nie, dié persoon wat gewoonlik daarop teenwoordig is gedurende die normale tye waarop ’n bedryf, waarvoor die grond gebruik word, beoefen word, en wat toesig hou oor sulke grond of so ’n bedryf, of dit beheer of bestuur, of indien daar nie so iemand is nie, dié persoon wat kragtens die bepalinge van sub-artikel (1) van artikel *sewentien* as bewoner aangewys is; (x)
- (iv) „Departement” die Afdeling Landbou van die Administrasie; (iv)
- (v) „dier” ’n lid van ’n diersoort waarop die Administrateur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* verklaar dat die bepalinge van hierdie Ordonnansie van toepassing is; (i)
- (vi) „direkteur” die Staatsveearts wat asdan die veeartsenykundige afdeling van die Departement beheer; (v)
- (vii) „eienaar” met betrekking tot —
 - (a) Kroongrond wat besit word ingevolge ’n huurkontrak, vergunning of toekenning wat in ’n registrasiekantoor van akte of ’n ander registrasie kantoor geregistreer is en ’n opsie bevat om sulke grond te koop, die persoon wat as reghebbende ten aansien van sulke grond ingevolge die huurkontrak, vergunning of toekenning geregistreer is;
 - (b) Kroongrond wat ingevolge ’n koopakte besit word, die koper ingevolge dié akte;
 - (c) grond wat deur ’n plaaslike owerheid of die Suid-Afrikaanse Naturellestuif besit of beheer word, daardie plaaslike owerheid of Trust;

No. 14 of 1958.]

ORDINANCE

To consolidate and amend the laws relating to animal diseases and parasites.

(Assented to 4th June, 1958.)

(English text signed by the Administrator).

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. In this Ordinance, unless the context otherwise indicates —

- (i) “animal” means any member of any species of animals to which the Administrator by notice in the *Official Gazette* declares that the provisions of this Ordinance shall apply; (v)
- (ii) “authorized person” means any person authorized under paragraph (b) of sub-section (1) of section *eighteen* to do anything or perform any act referred to in that paragraph; (viii)
- (iii) “conveyance” means any vehicle, vessel or aircraft; (xxi)
- (iv) “Department” means the Agricultural Branch of the Administration; (iv)
- (v) “director” means the State veterinarian for the time being in control of the veterinary division of the Department; (vi)
- (vi) “disease” means any disease to which animals are liable and to which the Administrator by notice in the *Official Gazette* declares that the provisions of this Ordinance shall apply; (xviii)
- (vii) “infectious thing” means any thing, other than an animal, a conveyance, or a parasite, which the Administrator by notice in the *Official Gazette* declares to be likely to introduce into or spread within the Territory any disease or parasite; (ii)
- (viii) “land” includes any building, structure, enclosure, premises, harbour, jetty, wharf and water; (ix)
- (ix) “local authority” means a town council constituted under the provisions of the Municipal Ordinance, 1949, (Ordinance 3 of 1949), as amended, or a village management board constituted under the provisions of the Village Management Boards Ordinance, 1937, (Ordinance 16 of 1937), as amended; (xiii)
- (x) “occupier” means, in relation to —
 - (a) any land used by the Administration, the person having the charge, control or management of such land;
 - (b) any land held by the South African Native Trust, or any location as defined by section *twenty-five* of the Native Administration Proclamation, 1928, (Proclamation 15 of 1928), the chief thereof or, if there is no chief, the headman thereof, or, if there is no headman, the person whom the Administrator may designate as occupier after consultation with the Minister of Native Affairs;
 - (c) any commonage or outspan not controlled by any local authority, the person whom the Administrator may designate as occupier; and
 - (d) any other land, including any Crown land held under a lease, licence or allotment, the person resident thereon, or, if there is no such person, the person ordinarily present thereon during the normal hours of any business for which such land is used, and having the charge, control, or management of such land or

(d) enige ander grond, die geregistreerde eienaar van die grond of, indien dié eienaar —

(i) van die Gebied afwesig is of nie opgespoor kan word nie, sy gevolmagtigde of regsvertegenwoordiger, in die Gebied, indien daar een is;

(ii) minderjarig, geestelik gebrekkig, insolvent of andersins onbevoeg is om sy sake te bestuur, of oorlede is, die persoon wat regtens gemagtig is om sy sake te bestuur; of

(iii) 'n maatskappy is wat onder geregtelike bestuur of in likwidasie is, die geregtelike bestuurder of likwidateur, na gelang van die geval; en

(e) enige roerende saak, die persoon wat dit asdan bestuur, bewaar of beheer; (xii)

(viii) „gemagtigde persoon” 'n persoon kragtens paragraaf (b) van sub-artikel (1) van artikel *agtien* gemagtig om iets te doen, of 'n handeling te verrig, waarna in daardie paragraaf verwys word; (ii)

(ix) „grond” ook 'n gebou, bouwerk, afgesluite plek, perseel, hawe, hawehoof, kaai en water; (viii)

(x) „hierdie Ordonnansie” ook die regulasies; (xxi)

(xi) „parasiet” 'n plant, insek of ander ongewerweld dier wat vir diere skadelik is of enige siekte in die Gebied kan inbring of versprei, en waarop die Administrateur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* verklaar dat die bepalinge van hierdie Ordonnansie van toepassing is; (xiii)

(xii) „permit” 'n skriftelike permit wat kragtens hierdie Ordonnansie uitgereik is; (xiv)

(xiii) „plaaslike owerheid” 'n stadsraad ingestel ingevolge die bepalinge van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949), soos gewysig, of 'n dorpsbestuur ingestel ingevolge die bepalinge van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1937 (Ordonnansie 16 van 1937), soos gewysig; (ix)

(xiv) „polisiebeampte” 'n lid van 'n polisiemag wat kragtens enige wet ingestel is; (xv)

(xv) „polisiesone” die lyn omskrywe in die Eerste Bylae van die Verbode Gebiede Proklamasie 1928 (Proklamasie 26 van 1928), soos gewysig van tyd tot tyd; (xvi)

(xvi) „regulasie” 'n regulasie wat kragtens hierdie Ordonnansie uitgevaardig of van krag is; (xviii)

(xvii) „Sekretaris” die Sekretaris van Suidwes-Afrika; (xix)

(xviii) „siekte” 'n siekte waaraan diere onderhewig is en waarop die Administrateur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* verklaar dat die bepalinge van hierdie Ordonnansie van toepassing is; (vi)

(xix) „Staatsveearts” 'n veearts in diens van die Departement; (xx)

(xx) „veeartseny-installasie” 'n dipbak, spuittoestel, drukgang, hok, afloopbak of ander bouwerk of voorwerp vir gebruik by die doen aan diere van enigiets wat hierdie Ordonnansie vereis dat dit gedoen word, met die nodige toebehoorsels en aanhangsels daarvan; (xxii)

(xxi) „vervoermiddel” enige voertuig, vaartuig of vliegtuig; (iii)

(xxii) „voorskryf” kragtens hierdie Ordonnansie by regulasie voorskryf. (xvii)

2. (1) Niemand mag, sonder die gesag van 'n permit, of strydig met 'n voorwaarde in 'n permit opgelê, 'n dier, of 'n besmetlike ding waarop die Administrateur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* die bepalinge van hierdie artikel van toepassing verklaar het, in die Gebied invoer of laat invoer nie.

(2) Geen permit om 'n dier, of 'n besmetlike ding waarna in sub-artikel (1) verwys word, in die Gebied in te voer, word uitgereik aan iemand wat by die Administrasie in die skuld staan vir enige bedrag ten opsigte van 'n dier of besmetlike ding wat vantevore deur hom ingevoer is, alvorens sodanige bedrag betaal is nie.

business, or, if there is no such person, the person designated as occupier under the provisions of sub-section (1) of section *seventeen*; (iii)

(xi) “officer” means an officer of the Department; (i)

(xii) “owner” means, in relation to —

(a) any Crown land held under a lease, licence or allotment, registered in a deeds registry or other registration office, and containing an option to purchase such land, the person registered as the holder of such lease, licence or allotment;

(b) any Crown land held under a deed of sale, the purchaser under such deed;

(c) any land held or controlled by any local authority or the South African Native Trust, such local authority or trust;

(d) any other land, the registered owner of such land, or, if such owner —

(i) is absent from the Territory, or cannot be traced, his agent or legal representative, if any, in the Territory;

(ii) is a minor, mentally disordered, insolvent or otherwise incompetent in law to administer his estate, or is deceased, the person authorized by law to administer his estate; or

(iii) is a company under judicial management or in liquidation, the judicial manager or liquidator, as the case may be; and

(e) any movable thing, the person having for the time being the management, custody or control thereof; (vii)

(xiii) “parasite” means any plant, insect or other invertebrate injurious to animals or capable of introducing or spreading any disease into or within the Territory, and to which the Administrator by notice in the *Official Gazette* declares that the provisions of this Ordinance shall apply; (xi)

(xiv) “permit”, when used as a noun, means a written permit issued under this Ordinance; (xiv)

(xv) “police officer” means any member of a police force established under any law; (xlv)

(xvi) “police zone” means the line defined in the First Schedule of the Prohibited Areas Proclamation, 1928 (Proclamation 26 of 1928), as amended from time to time; (xv)

(xvii) “prescribe” means prescribe by regulation under this Ordinance; (xxii)

(xviii) “regulation” means any regulation made or in force under this Ordinance; (xvi)

(xix) “Secretary” means the Secretary for South West Africa; (xvii)

(xx) “State veterinarian” means any veterinarian in the employ of the Department; (xix)

(xxi) “this Ordinance” includes the regulations; (x)

(xxii) “veterinary fixture” means any dipping tank, spraying appliance, crush, pen, race or other structure or thing for use in the doing to animals of anything required to be done under this Ordinance, with the necessary appurtenances thereof. (xx)

2. (1) No person shall except under the authority of a permit, or contrary to any condition imposed in a permit, import or cause to be imported into the Territory any animal, or any infectious thing to which the Administrator has by notice in the *Official Gazette* declared that the provisions of this section shall apply.

(2) No permit to import into the Territory any animal, or any infectious thing referred to in sub-section (1), shall be granted to any person who is indebted to the Administration for any amount in respect of any animal or infectious thing previously imported by him, until such amount has been paid.

(3) Die bepalings van sub-artikels (1) en (2) van hierdie artikel is *mutatis mutandis* van toepassing op die beweging of vervoer van diere of besmetlike dinge oor die Polisiezone, ongeag die rigting waarin sodanige vervoer of beweging ook al plaasvind.

3. By die aankoms van 'n vervoermiddel in die Gebied van 'n plek van vertrek buite die Gebied moet die eienaar van daardie vervoermiddel —

- (a) onverwyld aan die voorgeskrewe persoon skriftelik besonderhede meedeel van alle diere, en sodanige besmetlike dinge waarna sub-artikel (1) van artikel twee verwys, wat in of op daardie vervoermiddel is, ongeag of hulle of enige van hulle 'n deel van die lading, vrag, toerusting of voorrade van die vervoermiddel uitmaak, of die eiendom, of in bewaring, van 'n passasier op, of lid van die bemanning of personeel van, daardie vervoermiddel is, en ongeag of hulle of enige van hulle bestem is om in die Gebied afgelaai te word;
- (b) in daardie mededeling ook inligting verstrek wat aantoon —
 - (i) die name van alle hawens of plekke waarby daardie vervoermiddel op sy vaart of reis na die Gebied aangedoen het;
 - (ii) die diere en sodanige besmetlike dinge wat deur daardie vervoermiddel tussen daardie hawens of plekke vervoer is, en die kontak wat die diere en sodanige besmetlike dinge wat in die Gebied ingebring is, daarmee gehad het;
 - (iii) die tydelike aflaai, onderweg, van die diere en sodanige besmetlike dinge wat deur die vervoermiddel in die Gebied ingebring is;
 - (iv) alle gevalle van siekte of dood onder die diere op die vervoermiddel tydens die vaart of reis na die Gebied;
 - (v) die maatreëls getref, tydens die vaart of reis, vir die ontsmetting van die vervoermiddel; en
 - (vi) die ander besonderhede wat die Administrateur voorskryf;
- (c) alle diere wat in of op daardie vervoermiddel is, daarin of daarop insluit en in veilige insluiting hou, en verhoed dat hulle daaruit ontsnap of verwyder word, totdat 'n beaampte magtiging verleen het dat hulle verwyder, vrygelaat, of andersins oor beskik kan word;
- (d) daarna, onverwyld aan die voorgeskrewe persoon skriftelik kennis gee van die doodgaan van 'n dier terwyl dit aldus ingesluit is, en van die ongemagtigde verdwyning van 'n dier uit sodanige insluiting; en
- (e) so 'n besmetlike ding wat in of op die vervoermiddel is, daar hou en verhoed dat dit daaruit verwyder word, totdat 'n beaampte magtiging verleen het dat dit verwyder, vrygestel of andersins oor beskik kan word.

4 (1) Indien dit vir 'n Staatsveearts blyk wanneer 'n dier of ding die Gebied ingebring word, of daarin kom, dat daardie dier of ding siekte in die Gebied kan inbring of versprei, kan hy beslag daarop lê en, hangende die Administrateur se opdrag, ingevolge sub-artikel (3), wat betref die beskikking daaroor, dit in afsondering hou.

(2) Die direkteur kan, te eniger tyd en op enige plek, beslag laat lê op 'n dier of ding wat die Gebied ingebring is of daarin gekom het en wat, na sy mening, siekte in die Gebied kan inbring of versprei, en, hangende die Administrateur se opdrag, ingevolge sub-artikel (3), wat betref die beskikking daaroor, dit in afsondering laat hou.

(3) Die Administrateur kan met betrekking tot 'n dier of ding wat ingevolge sub-artikel (1) of (2) gehou word —

- (a) gelas dat dit van kant gemaak word;
- (b) gelas dat die eienaar dit binne die tydperk en op die wyse en langs die roete wat die Administrateur bepaal uit die Gebied verwyder;
- (c) toestemming verleen dat dit, behoudens die voorwaardes wat hy opleë, in die Gebied gehou word; of
- (d) sodanige ander bevel aangaande die beskikking daaroor uitreik soos hy goed ag.

(3) The provisions of sub-sections (1) and (2) of this section shall, *mutatis mutandis*, apply to the movement or removal of animals or infectious things across the Police Zone, immaterial of the direction in which such movement or removal takes place.

3. Upon the arrival of any conveyance in the Territory from any place of departure outside the Territory, the owner of such conveyance shall —

- (a) forthwith report in writing to the prescribed person particulars of all animals, and such infectious things as are referred to in sub-section (1) of section two, which are in or upon such conveyance, irrespective of whether or not they or any of them are part of the cargo, load, equipment or stores of the conveyance, or are the property or in the custody of any passenger on, or member of the crew or staff of, such conveyance, and irrespective of whether or not they or any of them are intended to be landed in the Territory;
- (b) include in such report information disclosing —
 - (i) the names of all ports or places visited by such conveyance in the course of its voyage or journey to the Territory;
 - (ii) the animals and such infectious things carried by such conveyance between such ports or places, and the contact which the animals and such infectious things brought into the Territory had with them;
 - (iii) the temporary landings on the way of the animals and such infectious things brought by the conveyance into the Territory;
 - (iv) all cases of sickness and death among the animals on the conveyance during the voyage or journey to the Territory;
 - (v) the measures taken during the voyage or journey for the disinfection of the conveyance; and
 - (vi) such other particulars as the Administrator may prescribe;
- (c) confine and keep in secure confinement in or upon such conveyance all animals therein or thereon, and prevent their escape or removal therefrom, until an officer has authorized their removal, release or disposal otherwise;
- (d) thereafter, forthwith report in writing to the prescribed person the death of any animal while so confined, and the unauthorized disappearance of any animal from such confinement; and
- (e) retain any such infectious thing, which is in or upon such conveyance, and prevent its removal therefrom, until an officer has authorized its removal, release or disposal otherwise.

4. (1) If, when any animal or thing is introduced or comes into the Territory, it appears to a State Veterinarian that such animal or thing may introduce or spread disease into or within the Territory, he may seize it and detain it in isolation pending the Administrator's direction, under sub-section (3), as to its disposal.

(2) The director may at any time and place cause to be seized and detained in isolation, pending the Administrator's direction, under sub-section (3), as to its disposal, any animal or thing which has been introduced or has come into the territory, and which, in his opinion, may introduce or spread disease into or within the Territory.

(3) The Administrator may in respect of any animal or thing detained under sub-section (1) or (2) —

- (a) order that it be destroyed;
- (b) order the owner to remove it from the Territory within such time and in such manner and by such route as the Administrator may direct;
- (c) grant permission for it to be kept in the Territory subject to such conditions as he may impose; or
- (d) make such other order for its disposal as he may deem fit.

5. (1) Wanneer daar 'n dier of besmetlike ding in die Gebied gevind word wat, na die mening van die Administrateur, in stryd met die bepalings van hierdie Ordonnansie of van 'n wet by hierdie Ordonnansie herroep, die Gebied ingebring is of daarin gekom het, kan hy, na goedvinde dit konfiskeer of van kant laat maak of andersins daarvoor laat beskik.

(2) Wanneer 'n beampte, 'n gemagtigde persoon of polisiebeampte op redelike gronde meen of vermoed dat 'n dier of besmetlike ding in stryd met die bepalings van hierdie Ordonnansie of van 'n wet by hierdie Ordonnansie herroep, die Gebied ingebring is of daarin gekom het, kan hy beslag daarop lê en dit hou, hangende die beslissing van die Administrateur ingevolge sub-artikel (1), wat betref die beskikking daarvoor.

(3) Die bepalings van sub-artikels (1) en (2) van hierdie artikel is *mutatis mutandis* van toepassing op die beweging of vervoer van diere of besmetlike dinge oor die Polisiezone.

6. (1) Wanneer 'n bewoner van grond of 'n eienaar van diere op daardie grond of tussen sy diere, 'n dier vind wat na sy wete of vermoede van 'n plek buite die Gebied of oor die Polisiezone daarheen afgedwaal het, moet hy —

- (a) onmiddellik die dier afsonder;
- (b) onverwyld die vind van die dier op die voorgeskrewe wyse aanmeld; en
- (c) die dier in afsondering hou, hangende die Administrateur se opdrag ingevolge sub-artikel (3), wat betref die beskikking daarvoor.

(2) Wanneer 'n beampte, 'n gemagtigde persoon of polisiebeampte binne die Gebied 'n dier vind ten opsigte waarvan hy op redelike gronde meen of vermoed dat dit tot in die Gebied of oor die Polisiezone afgedwaal het, kan hy beslag daarop lê en dit in afsondering hou, of eis dat die bewoner van die grond waarop die dier is, dit aldu hou, of indien hy so 'n dier op 'n openbare pad of in 'n openbare plek aldus vind, eis dat die bewoner van enige grond in die nabyheid dit doen, en moet hy onverwyld die vind van so 'n dier op die voorgeskrewe wyse aanmeld.

(3) Die Administrateur kan na goeddunke 'n dier waarmee ingevolge sub-artikel (1) of (2) gehandel is, konfiskeer of van kant laat maak of andersins daarvoor laat beskik.

7. Niemand mag sonder die gesag van 'n permit, of strydig met 'n voorwaarde in 'n permit opgelê, 'n dier wat met siekte besmet is, waarop die Administrateur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* die bepalings van hierdie artikel van toepassing verklaar het van die grond waarop dit is, verwyder of laat verwyder nie.

8. Die eienaar van 'n dier wat met 'n siekte besmet is, waarop die Administrateur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* die bepalings van hierdie artikel van toepassing verklaar het, mag nie toelaat dat daardie dier afdwaal van die grond waarop dit is nie.

9. (1) Niemand mag, sonder die gesag van 'n permit, of strydig met 'n voorwaarde in 'n permit opgelê, 'n dier of ding, die beweging waarvan na, op, in of van enige grond of gebied uit hoofde van die regulasies verbied of beperk is, na, op, in of van sodanige grond of gebied neem, verskuif of verwyder of toelaat dat dit gedoen word nie.

(2) Die eienaar van 'n dier, die beweging waarvan na, op, in of van enige grond of gebied uit hoofde van die regulasies verbied of beperk is, mag nie toelaat dat so 'n dier na, op, in of van sodanige grond of gebied afdwaal nie.

10. Ondanks andersluidende wetsbepalings betreffende skutte, mag niemand 'n dier wat met 'n siekte besmet is, waarop die Administrateur by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* die bepalings van hierdie artikel van toepassing verklaar het, in 'n openbare skut sit of laat sit nie.

11. (1) Wanneer 'n dier ingevolge hierdie Ordonnansie van kant gemaak is, is die karkas daarvan die eiendom van die Administrasie, en kan daarvoor beskik word soos die Administrateur gelas.

(2) Die Administrateur moet uit fondse wat die Wetgewende Vergadering daarvoor bewillig het, aan 'n persoon die uitgawes vergoed wat hy in verband met 'n dier

5. (1) If there is found within the Territory any animal or infectious thing which, in the opinion of the Administrator, was introduced or came into the Territory in contravention of the provisions of this Ordinance, or of a law repealed by this Ordinance, he may confiscate it or cause it to be destroyed or otherwise disposed of, as he may deem fit.

(2) If any officer, authorized person or police officer on reasonable grounds believes or suspects that any animal or infectious thing was introduced or came into the Territory in contravention of the provisions of this Ordinance or of a law repealed by this Ordinance, he may seize it and detain it pending the Administrator's decision, under sub-section (1), as to its disposal.

(3) The provisions of sub-sections (1) and (2) of this section shall, *mutatis mutandis*, apply to the movement or removal of animals or infectious things across the Police Zone.

6. (1) If any occupier of land finds thereon, or if any owner of animals finds with his animals, any animal which he knows or suspects has strayed thither from some place outside the Territory, or across the Police Zone, he shall —

- (a) immediately isolate such animal;
- (b) forthwith report the finding of such animal in the manner prescribed; and
- (c) detain such animal in isolation pending the Administrator's direction, under sub-section (3), as to its disposal.

(2) If any officer, authorized person or police officer finds within the Territory any animal which he on reasonable grounds believes or suspects has strayed into the Territory or across the Police Zone, he may seize it and detain it in isolation, or require the occupier of the land whereon such animal may be, so to detain it, or, if he so finds such animal in a public road or place, require the occupier of any land in the vicinity so to do, and shall forthwith report the finding of such animal in the manner prescribed.

(3) The Administrator may confiscate any animal dealt with under sub-section (1) or (2), or cause it to be destroyed or otherwise disposed of, as he may deem fit.

7. No person shall, except under the authority of a permit, or contrary to any condition imposed in a permit, move or permit to be moved from the land where it is, any animal infected with any disease to which the Administrator has by notice in the *Official Gazette* declared that the provisions of this section shall apply.

8. The owner of any animal infected with any disease to which the Administrator has by notice in the *Official Gazette* declared that the provisions of this section shall apply, shall not allow such animal to stray from the land where it is.

9. (1) No person shall except under the authority of a permit, or contrary to any condition imposed in a permit, move or permit to be moved into, within or from any land or area any animal or thing, the movement of which into, within or from such land or area is prohibited or restricted under the regulations.

(2) The owner of any animal, the movement of which into, within or from any land or area is prohibited or restricted under the regulations, shall not allow such animal to stray into, within or from such land or area.

10. Notwithstanding anything to the contrary contained in any law relating to pounds, no person shall impound or cause to be impounded in a public pound any animal infected with any disease to which the Administrator has by notice in the *Official Gazette* declared that the provisions of this section shall apply.

11. (1) When any animal has been destroyed under this Ordinance, the carcass of such animal shall be the property of the Administration and may be disposed of as the Administrator may direct.

(2) The Administrator shall out of moneys appropriated by the Legislative Assembly for the purpose, reimburse a person the expenses necessarily incurred by him

noodsaaklikerwyse aangegaan het, by die uitvoering van 'n plig kragtens hierdie Ordonnansie aan hom opgelê, mits hy nie die eienaar van die dier is nie.

(3) Die Administrasie kan in 'n regsbevoegde hof op die eienaar van 'n dier of ding die uitgawes verhaal, wat hy ingevolge hierdie Ordonnansie in verband met die dier of ding aangegaan of vergoed het.

12. Niemand mag 'n dier of ding wat ingevolge hierdie Ordonnansie aangehou word of afgesonder is van die plek van aanhouding of afsondering bevry, of, sonder die gesag van 'n permit, of strydig met 'n voorwaarde in 'n permit opgelê, verwyder nie.

13. (1) Die Administrateur kan 'n veeartseny-installasie op enige grond laat oprig en die koste van die oprigting daarvan bestry uit fondse wat die Wetgewende Vergadering daarvoor bewillig: Met dien verstande dat die Administrateur na goeddunke die eienaar van die grond waarop so 'n installasie opgerig is, kan gelas om 'n bedrag wat hy bepaal, tot daardie koste by te dra.

(2) Die Administrateur kan die eienaar van enige grond waarop daar diere is waaraan iets kragtens hierdie Ordonnansie gedoen moet word wat die gebruik van 'n veeartseny-installasie meebring, gelas om op sy eie koste en binne 'n tydperk bepaal, en ooreenkomstig planne en spesifikasies goedgekeur deur die Administrateur, daarop so 'n veeartseny-installasie op te rig, in stand te hou, te herstel of te verbeter.

(3) Wanneer twee of meer eienaars van grond deur die Administrateur gelas is om op hul onderskeie stukke grond dieselfde soort veeartseny-installasie op te rig, en die stukke grond aan mekaar grens of van mekaar geskei word net deur grond waarop geen sodanige veeartseny-installasie is nie, en hulle 'n ooreenkoms, deur die Administrateur goedgekeur en in 'n notariële akte beliggaam, aangegaan het om so 'n veeartseny-installasie op die grond van een van hulle op te rig vir die gemeenskaplike gebruik van eienaars van diere wat op hul onderskeie stukke grond gehou word of wei, is dit, ná nakoming van die bepalinge van paragraaf (a) van sub-artikel (4), onnodig dat elkeen van hulle so 'n veeartseny-installasie oprig, maar sodanige eienaars en iedereen op wie so 'n ooreenkoms ingevolge paragraaf (b) van daardie sub-artikel bindend is, word beskou as ingevolge sub-artikel (2) gelas om 'n veeartseny-installasie op te rig ingevolge die ooreenkoms en die voorwaardes wat die Administrateur by die goedkeuring van die ooreenkoms opgelê het.

(4) (a) By goedkeuring van 'n ooreenkoms ingevolge sub-artikel (3) moet die partye daartoe onverwyld die betrokke notariële akte by die Registrateur van Aktes indien om teen die titelbewys van hul grond geregistreer en geëndosseer te word, en 'n afskrif van daardie akte by die direkteur inlewer.

(b) Sodanige ooreenkoms mag nie sonder die skriftelike toestemming van die Administrateur ingetrek of gewysig word nie, en solank dit van krag is, is dit bindend op die eienaars van die betrokke grond sowel as op hul regsopvolgers.

(5) Indien die eienaar van enige grond ingevolge sub-artikel (1) of (3) tot die koste van die oprigting van 'n veeartseny-installasie daarop bygedra het, of ingevolge sub-artikel (2) so 'n installasie opgerig of verbeter het, en daardie grond aan iemand anders verhuur word of aan 'n vruggebruik of serwituut onderworpe is, waardeur die eienaar op die tydstip toe hy deur die Administrateur gelas is om tot die koste van die oprigting van die installasie by te dra of om dit op te rig of te verbeter, van die bewoning van die grond ontdoen is, kan hy van die huurder, vruggebruiker of persoon wat die serwituut het, na gelang van die geval, so 'n bedrag ten opsigte van die veeartseny-installasie vorder, op die voorwaardes van betaling wat die Administrateur, met inagneming van die omstandighede, bepaal.

(6) Indien 'n veeartseny-installasie geheel en al of deels op koste van die Administrasie op Kroongrond opgerig is wat iemand besit ingevolge 'n huurkontrak, vergunning of toekenning, wat nie 'n opsie om daardie grond te koop bevat nie, kan die Administrateur die huurgeld van daardie grond met die bedrag verhoog wat hy, met inagneming van die koste, billik ag.

in carrying out any duty imposed upon him under this Ordinance, in connection with any animal, provided he is not the owner of such animal.

(3) The Administration may recover in any competent court from the owner of any animal or thing, any expense incurred or reimbursed by it under this Ordinance, in connection with such animal or thing.

12. No person shall remove, except under the authority of a permit, or contrary to any condition imposed in a permit, or rescue, from any place of detention or isolation any animal or thing detained or isolated under this Ordinance.

13. (1) The Administrator may cause any veterinary fixture to be constructed on any land and defray the cost of construction thereof out of moneys appropriated by the Legislative Assembly for that purpose: Provided that he may, if he thinks fit, order the owner of the land on which such fixture has been constructed, to contribute an amount fixed by him towards such costs.

(2) The Administrator may order the owner of any land whereon there are animals to which anything, involving the use of any veterinary fixture, is required to be done under this Ordinance, to construct, maintain, repair, or improve such veterinary fixture thereon at his own expense, and within a time fixed, and in accordance with plans and specifications approved by the Administrator.

(3) If two or more owners of land have been ordered by the Administrator to construct on their respective lands the same type of veterinary fixture, and such lands are contiguous or separated from each other only by land on which there is no such veterinary fixture, and they have entered into an agreement, approved by the Administrator and embodied in a notarial deed, to construct such a veterinary fixture on the land of one of them for the common use of owners of animals kept or depastured on their respective lands, it shall, after compliance with the provisions of paragraph (a) of sub-section (4), not be necessary for each of them to construct such a veterinary fixture, but they and every person upon whom such agreement is in terms of paragraph (b) of that sub-section binding, shall be deemed to have been ordered, in terms of sub-section (2), to construct a veterinary fixture in accordance with such agreement and the conditions imposed by the Administrator in approving such agreement.

(4) (a) Upon the approval of any agreement in terms of sub-section (3) the parties thereto shall forthwith lodge the notarial deed concerned with the Registrar of Deeds for registration and endorsement against the title deeds of their lands, and lodge a copy of such deed with the director.

(b) Such agreement shall not be cancelled or altered without the written consent of the Administrator, and while it is in force it shall be binding upon the owners of the lands concerned and upon their successors in title.

(5) If the owner of any land has under sub-section (1) or (3) contributed towards the costs of construction of, or has under sub-section (2) constructed or improved, a veterinary fixture thereon, and such land is leased to another person, or is subject to a usufruct or servitude, whereby the owner was, at the time when he was ordered by the Administrator to contribute towards the costs of construction of, or to construct or improve, the fixture, divested of the occupation of the land, he may charge the lessee, usufructuary, or person having the servitude, as the case may be, such amount in respect of the veterinary fixture, and upon such terms of payment as the Administrator may, having regard to circumstances, fix.

(6) If a veterinary fixture has been constructed wholly or partly at the expense of the Administration on Crown land held by any person under a lease, licence or allotment, which does not contain an option to purchase such land, the Administrator may increase the rent of such land by such amount as he may deem equitable having regard to such expenses.

(7) Die Administrateur kan in 'n bevel om 'n veeartseny-installasie op te rig, gelas dat die eienaar daardie installasie oprig op 'n plek in daardie bevel aangewys, of op 'n plek uitgekies deur 'n beampte in daardie bevel genoem.

(8) Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die Administrateur 'n veeartseny-installasie opgerig ingevolge hierdie artikel of kragtens 'n bevel uitgereik deur die Administrateur ingevolge 'n wet wat by hierdie Ordonnansie herroep is, sloop, afbreek, verwyder of in doelmatigheid verminder nie.

14. (1) Die Administrateur kan die bewoner van grond waarop daar 'n veeartseny-installasie is, gelas om daardie installasie te gebruik, of om toe te laat dat dit gebruik word, vir die doen, aan 'n dier wat op daardie grond gehou word of wel, van enigiets wat kragtens hierdie Ordonnansie daaraan gedoen moet word, en om die nodige middele en fasiliteite vir sodanige gebruik te voorsien.

(2) Indien so 'n installasie gebruik word vir 'n dier waarvan so 'n bewoner nie die eienaar is nie, kan hy van die eienaar van so 'n dier die gelde vir sodanige gebruik vorder wat die Administrateur bepaal: Met dien verstande dat indien so 'n installasie ingevolge sub-artikel (1) van artikel *dertien* opgerig is en die Administrasie al die koste van sodanige oprigting gedra het, die Administrateur die eienaar van so 'n dier kan gelas, indien hy dit goed ag, om vir sodanige gebruik aan die Administrasie of die bewoner, of altwee, die gelde te betaal wat hy bepaal.

15. Die Administrateur kan met die toestemming van die bewoner van grond waarop daar 'n veeartseny-installasie is, die eienaar van 'n dier wat op grond gehou word of wei waarop daar nie so 'n veeartseny-installasie is nie, gelas om van die installasie op eersgenoemde grond gebruik te maak om aan daardie dier iets te doen wat kragtens hierdie Ordonnansie daaraan gedoen moet word, en in so 'n geval is die bepaling van sub-artikel (2) van artikel *veertien mutatis mutandis* van toepassing.

16. (1) Wanneer na die mening van die Administrateur 'n omheining langs of oor enige openbare of private pad, of langs die grens van, of op of oor enige grond nodig is vir die beheer van 'n siekte of van parasiete in die Gebied, of vir die voorkoming van die inbring, voorkoms of verspreiding daarvan in die Gebied, kan hy so 'n omheining, en enige nodige hek en motorhek daarin, laat oprig en in stand hou, en al die koste daarvan bestry uit fondse wat die Wetgewende Vergadering vir die doel bewillig het.

(2) Die bepaling van sub-artikel (6) van artikel *dertien* is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n omheining ingevolge sub-artikel (1) opgerig.

(3) Wanneer 'n omheining, hek of motorhek wat ingevolge sub-artikel (1) opgerig is, nie meer nodig is vir die doel waarvoor dit opgerig is nie, kan die Administrateur dit, of 'n deel daarvan, laat verwyder of laat verkoop soos dit staan teen 'n prys wat hy goedkeur, of 'n ander bevel aangaande die beskikking daarvoor uitreik wat hy goed ag.

(4) Wanneer na die mening van die Administrateur 'n omheining op enige grond, hetsy oor die hele lengte of 'n gedeelte van die grens daarvan, of elders daarop, nodig is vir die beheer van 'n siekte of van parasiete in die Gebied, of vir die voorkoming van die inbring, voorkoms of verspreiding daarvan in die Gebied, kan hy die eienaar van daardie grond gelas om op sy eie koste en binne 'n tydperk bepaal, en ooreenkomstig planne en spesifikasies goedgekeur, deur die Administrateur, so 'n omheining, en enige nodige hek en motorhek daarin, op te rig, in stand te hou, te herstel of te verbeter, en indien so 'n omheining 'n grensheining is, die eienaar van grond langs-aan die grens gelas om sodanige bydrae, by wyse van geld, arbeid of materiaal, soos die Administrateur besluit, te doen tot die oprigting, instandhouding, herstel of verbetering van die geheel of 'n gedeelte van daardie grensheining.

(5) Die bepaling van sub-artikel (5) van artikel *dertien* is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n omheining ingevolge sub-artikel (4) opgerig.

(7) The Administrator may in any order to construct a veterinary fixture order the owner to construct such a fixture upon a site designated in such order, or upon a site selected by an officer named in such order.

(8) No person shall without the written consent of the Administrator demolish, dismantle, remove, or impair in efficacy, any veterinary fixture erected under this section or in terms of any order issued by the Administrator under any law repealed by this Ordinance.

14. (1) The Administrator may order the occupier of any land whereon there is any veterinary fixture to use such fixture, or allow it to be used, for the doing to any animal kept or depastured on such land, of any thing required under this Ordinance to be done to it, and to furnish the necessary materials and facilities for such use.

(2) If such fixture is so used for any animal of which such occupier is not the owner, he may charge the owner of such animal such fee for such use as the Administrator may fix: Provided that if such fixture has been constructed in terms of sub-section (1) of section *thirteen* and the Administration has borne the whole of the cost of such construction the Administrator may, if he thinks fit, order the owner of such animal to pay to the Administration or such occupier, or both, for such use, such fee as he may fix.

15. The Administrator may, with the consent of the occupier of any land whereon there is any veterinary fixture, order the owner of any animal kept or depastured on land whereon there is no such veterinary fixture to make use of the fixture on the first-mentioned land for the doing to such animal of any thing required under this Ordinance to be done to it, and in such event the provisions of sub-section (2) of section *fourteen* shall apply *mutatis mutandis*.

16. (1) If in the opinion of the Administrator any fence along or across any road, whether public or private, or along the boundary of or upon or across any land, is necessary for the control of any disease or parasites in, or for preventing the introduction, occurrence or spread thereof, into or within the Territory, he may cause such fence, and any necessary gate and grid therein, to be erected and maintained, and defray the entire cost thereof out of moneys appropriated by the Legislative Assembly for the purpose.

(2) The provisions of sub-section (6) of section *thirteen* shall *mutatis mutandis* apply in respect of any fence erected under sub-section (1).

(3) When any fence, gate or grid erected in terms of sub-section (1) is no longer required for the purpose for which it was erected, the Administrator may cause it or any part thereof to be removed, or to be sold as it stands and at a price approved by him, or make such other order as to its disposal as he may deem fit.

- (f) providing for the registration of fairs, markets, saleyards, showgrounds, circuses, menageries, zoological gardens, game reserves, bird sanctuaries, pet shops, kennels, animal hospitals, animal clinics, animal homes, pounds, race-courses, abattoirs, and other places to which animals are brought, or where they are assembled, for sale, exhibition, sport, performance, lodging, impounding, treatment, or slaughter; prescribing the reports to be submitted to the Department by those in charge of such places; prescribing the precautions to be taken at such places against the spread of disease, including the requirement that animals arriving at any abattoir shall be slaughtered there at or within a certain time; and prohibiting or restricting the bringing and assembling of animals to and at any such place if in his opinion such bringing thereto or assembling thereat would be likely to spread disease;
- (g) requiring, controlling and regulating the cleansing and disinfection of any land or conveyance, includ-

aardige stowwe op grond, vereis, beheer en reguleer, om die verspreiding van siekte of van parasiete te voorkom;

- (h) wat die skale van vergoeding wat ten opsigte van 'n dier of ding betaalbaar is wat kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie gekonfiskeer, van kant gemaak, vir waarneming of behandeling gehou of waaroor anders beskik is, die wyse en die vorm waarop aansoek om sulke vergoeding gedoen moet word en die besonderhede wat in so'n vorm verstrekk moet word, voorskryf;
- (i) wat die beweging van enigiemand op enige grond beperk of verbied, indien, na sy mening, sodanige beweging waarskynlik siekte sal versprei, en wat die wyse van ontsmetting van die liggaam en klere van so 'n persoon, en ander voorsorgsmaatreëls wat getref moet word om die verspreiding van siekte deur so 'n persoon te voorkom, voorskryf;
- (j) wat die inligting voorskryf wat enigiemand aan beamptes en gemagtigde persone aangaande enige aangeleentheid moet verstrekk waarop die bepalings van hierdie Ordonnansie van toepassing is;
- (k) wat die aantekeninge en registers wat deur enigiemand gehou moet word, die omstandighede waaronder en die persone deur wie iemand van die hou van sulke aantekeninge of registers vrygestel kan word, en die persone deur wie en die omstandighede waaronder sulke aantekeninge en registers ondersoek kan word, voorskryf; en wat vir die in besit neem en vernietiging daarvan, die beskikking daarvoor, en die maak van uittreksels en verstrekking van inligting daaruit, voorsiening maak en dit reguleer en beheer;
- (l) betreffende die verpligte inenting, behandeling, ontsmetting en skoonmaak van enige dier op enige grond of in enige gebied, en betreffende die verpligte verwydering en uitsluiting van enige dier van daardie grond of gebied;
- (m) wat die vorms vir sertifikate, permitte en ander dokumente wat kragtens hierdie Ordonnansie vereis word, die persone wat dit mag uitreik, en die besonderhede wat in so 'n vorm ingevoeg of verstrekk moet word, voorskryf;
- (n) wat die gelde en koste voorskryf wat betaal moet word vir enige handeling deur of ten behoeve van die Administrasie ingevolge hierdie Ordonnansie verrig;
- (o) wat enige aangeleentheid voorskryf wat ingevolge hierdie Ordonnansie voorgeskryf kan word; en

In die algemeen, betreffende enige aangeleentheid, hetsy in paragraaf (a) tot en met paragraaf (o) vermeld al dan nie, wat hy nodig of dienstig ag om voor te skryf, te vereis, te beheer, te reguleer, te beperk of te verbied met die doel om die bepalings van hierdie Ordonnansie uit te voer en daaraan gevolg te gee, of met die doel om 'n siekte of parasiete in die Gebied uit te roei of om die inbring, voorkoms of verspreiding daarvan in of na die Gebied te voorkom.

(2) Die Administrateur kan verskillende regulasies ten opsigte van verskillende soorte diere, siektes, parasiete, dinge, grond, gebiede, persone en omstandighede uitvaardig, en hy kan die regulasies laat wissel, sodat hulle ten opsigte van die verskillende dele van die Gebied onderskei in enige besonderhede wat hy nodig of dienstig ag vir die doelmatiger toepassing van hierdie Ordonnansie of vir die voorkoming, beheer of uitroeiing van 'n siekte of van parasiete.

(3) Die Administrateur kan 'n proklamasie, regulasie, bevel of kennisgewing wat kragtens sub-artikel (2) van artikel *ses-en-dertig* van krag bly, wysig, opskort of intrek.

(4) Wanneer die Administrateur voornemens is om 'n regulasie uit te vaardig moet hy in die *Offisiële Koerant* 'n afskrif van die voorgename regulasie laat publiseer, tesame met 'n kennisgewing wat alle belanghebbendes versoek om enige besware teen, of vertoë aangaande die voorgename regulasie binne 'n bepaalde tydperk, wat nie korter as vier weke vanaf die datum van sodanige publikasie moet wees nie, skriftelik in te dien, en na ver-

ing the clearing and burning of any vegetation and vegetable matter on any land, to prevent the spread of disease or parasites;

- (h) prescribing the scales of compensation payable in respect of any animal or thing confiscated, destroyed, reserved for observation or treatment or otherwise disposed of under the provisions of this Ordinance, the manner in which and the form on which application for such compensation shall be made, and the particulars to be furnished in such form;
- (i) restricting or prohibiting the movement of any person upon any land, where, in his opinion such movement would be likely to spread disease, and prescribing the manner of disinfection of the body and clothing of such a person, and other precautions to be taken to prevent the spread of disease by such person;
- (j) prescribing the information to be furnished by any person to officers and authorized persons on any matter to which the provisions of this Ordinance apply;
- (k) prescribing the records and registers to be kept by any person, the circumstances under which, and the persons by whom, any person may be exempted from keeping any such record or register, and the persons by whom, and the circumstances under which, such records or registers may be inspected; and providing for, and regulating and controlling, the seizure, destruction and disposal thereof, and the taking of extracts, and the furnishing of information therefrom;
- (l) as to the compulsory inoculation, treatment, disinfection and cleansing of any animal on any land or in any area, and the compulsory removal and exclusion of any animal from such land or area;
- (m) prescribing the forms for certificates, permits and other documents required under this Ordinance, the persons who may issue them and the particulars to be inserted or furnished in any such form;
- (n) prescribing the fees and charges to be paid for any thing done by or on behalf of the Administration under this Ordinance.
- (o) prescribing any matter which may be prescribed under this Ordinance; and

generally, as to any matter, whether or not mentioned in paragraphs (a) to (o) inclusive, which he deems necessary or expedient to prescribe, require, control, regulate, restrict or prohibit for the purpose of carrying out, and giving effect to, the provisions of this Ordinance, or for the purpose of eradicating, or of preventing the introduction, occurrence or spread of, any disease or parasites in or into the Territory.

(2) The Administrator may make different regulations in respect of different classes of animals, diseases, parasites, things, land, areas, persons, and circumstances, and he may vary the regulations so that they differentiate between different parts of the Territory in any such particular as he may deem necessary or expedient for the better administration of this Ordinance, or for the prevention, control or eradication of any disease or parasites.

(3) The Administrator may amend, suspend or withdraw any proclamation, regulation, order or notice which continues to be in force under sub-section (2) of section *thirty-six*.

(4) When the Administrator intends to make any regulation he shall cause to be published in the *Official Gazette* a copy of the proposed regulation together with a notice inviting all interested persons to submit in writing any objections to, or representations concerning, the proposed regulation, within a stated period, being not less than four weeks from the date of such publication, after which period the Administrator may promulgate the re-

stryking van hierdie tydperk kan die Administrateur die regulasie met of sonder veranderings, soos hy goed ag, afkondig: Met dien verstande dat indien, na die mening van die Administrateur, die doel van 'n regulasie deur verdragting verydeld sal word, hy die regulasie sonder sodanige voorafgaande publikasie kan uitvaardig.

28. (1) Iemand wat —

- (a) met die opset om siekte te versprei —
 - (i) die virus of mikro-organisme van 'n siekte, of 'n parasiet, of enige ander ding wat 'n siekte kan veroorsaak of oorplant, die Gebied inbring;
 - (ii) parasiete, of enige ander ding, hetsy lewend of leweloos, wat 'n siekte kan veroorsaak of oorplant, versamel;
 - (iii) 'n dier wat met 'n siekte besmet is of 'n besmetlike ding vervoer of gebruik; of
 - (iv) 'n parasiet, of enige ander ding wat 'n siekte kan veroorsaak of oorplant, besit;
- (b) in besit van 'n dier of 'n besmetlike ding gevind word ten opsigte waarvan daar te eniger tyd 'n redelike vermoede bestaan dat dit strydig met die bepalings van hierdie Ordonnansie die Gebied inbring is of ingekom het;
- (c) die bepalings van sub-artikels (1) en (3) van artikel twee, paragraaf (c) en (e) van artikel drie, sub-artikel (1) van artikel ses, artikels sewe, agt, nege, tien en twaalf, sub-artikel (8) van artikel dertien, sub-artikel (6) van artikel sestien en sub-artikel (3) van artikel een-en-twintig by daad of versuim verontagsaam;
- (d) 'n permit deur middel van valse voorwendsels verkry;
- (e) 'n permit, of 'n sertifikaat waarna in paragraaf (c) van sub-artikel (4) van artikel twintig verwys word, in enige opsig verander, of vervals;
- (f) met die opset om die bepalings van hierdie Ordonnansie te ontduik 'n veranderde of vervalste permit of sertifikaat gebruik;
- (g) nadat hy 'n permit verkry het, 'n handeling strydig met 'n voorwaarde daarin opgelê, verrig;
- (h) versuim of nalaat om enige aangeleentheid aan te meld wat ingevolge paragraaf (a), (b) en (d) van artikel drie dit sy plig is om aan te meld;
- (i) in enige aanmelding waarna in paragraaf (h) van hierdie sub-artikel of in paragraaf (b) van sub-artikel (1) van artikel ses verwys word, 'n valse verklaring, wetende dat dit vals is, maak;
- (j) betrokke is of 'n aandeel het in die versorging, beheer of bestuur, van 'n dier of 'n ding en weier om sodanige inligting waarna in paragraaf (a) van sub-artikel (2) van artikel negentien verwys word, te verstrek of valse inligting, wetende dat dit vals is, verstrek, wanneer 'n staatsveearts ingevolge daardie paragraaf eis dat hy aan hom sodanige inligting verstrek waarna daarin verwys word;
- (k) opsetlik weier of versuim om 'n vereiste wat 'n beamppte, gemagtigde persoon of polisiebeampte ingevolge sub-artikel (2) van artikel ses of paragraaf (c) van sub-artikel (1) of sub-artikel (3) van artikel negentien gestel het, na te kom;
- (l) 'n beamppte, gemagtigde persoon, polisiebeampte, of persoon waarna in sub-artikel (3) van artikel sewentien verwys word, by die uitoefening van sy bevoeghede of die verrigting van sy pligte ingevolge hierdie Ordonnansie, belemmer of hinder;
- (m) 'n dier, voertuig, toestel, instrument, gereedskap, medisyne of ander ding wat vir die doel van hierdie Ordonnansie in die bewaring van 'n beamppte of gemagtigde persoon is, beseer of beskadig of sonder magtiging verwyder;
- (n) opsetlik weier of versuim om 'n bevel wat kragtens paragraaf (b) van sub-artikel (3) van artikel vier, artikels dertien, viertien en vyftien en sub-artikel (4) van artikel sestien gegee is of wat beskou word as daarkragtens gegee, uit te voer;
- (o) deur middel van valse voorwendsels vergoeding kragtens hierdie Ordonnansie verkry of probeer

gulation, with or without modifications, as he may deem fit: Provided that if, in the opinion of the Administrator, the purpose of any regulation would be defeated by delay, he may make such regulation without such prior publication.

28. (1) Any person who —

- (a) with intent to spread disease —
 - (i) introduces into the Territory the virus or micro-organism of any disease, or any parasite, or any other thing whatsoever capable of producing or transmitting any disease;
 - (ii) collects any parasites, or any other things, whether animate or inanimate, which are capable of producing or transmitting disease;
 - (iii) moves or uses any animal infected with disease, or any infectious thing; or
 - (iv) possesses any parasite, or any other thing capable of producing or transmitting disease;
- (b) is found in possession of any animal or infectious thing with regard to which there is at any time a reasonable suspicion that it was introduced or came into the Territory in contravention of the provisions of this Ordinance;
- (c) contravenes or fails to comply with the provisions of sub-sections (1) and (3) of section two, paragraphs (c) and (e) of section three, sub-section (1) of section six, sections seven, eight, nine, ten and twelve, sub-section (8) of section thirteen, sub-section (6) of section sixteen, and sub-section (3) of section twenty-one;
- (d) obtains a permit by means of false representations;
- (e) alters in any particular, or forges, a permit, or a certificate referred to in paragraph (c) of sub-section (4) of section twenty;
- (f) uses any altered or forged permit or certificate with intent to evade the provisions of this Ordinance;
- (g) having obtained a permit, does any act contrary to any condition imposed therein;
- (h) fails or neglects to report any matter which it is his duty to report in terms of paragraphs (a), (b) and (d) of section three;
- (i) makes any false statement in any report referred to in paragraph (h) of this sub-section or in paragraph (b) of sub-section (1) of section six, knowing such statement to be false;
- (j) being concerned in, or having any part in, the care, control or management of any animal or thing, refuses to give such information as is referred to in paragraph (a) of sub-section (2) of section nineteen or gives false information, knowing it to be false, when called upon by a State veterinarian, in terms of that paragraph, to furnish him with such information as is referred to therein;
- (k) wilfully refuses or fails to comply with any requirement made by any officer, authorized person or police officer under sub-section (2) of section six or paragraph (c) of sub-section (1), or sub-section (3) of section nineteen;
- (l) obstructs or hinders any officer, authorized person, police officer, or person referred to in sub-section (3) of section seventeen, in the exercise of his powers or the performance of his duty under this Ordinance;
- (m) injures, damages or removes without authority any animal, vehicle, appliance, instrument, tool, drug, or other thing, which is in the custody of an officer or authorized person for the purpose of this Ordinance;
- (n) wilfully refuses or fails to carry out any order given, or deemed to have been given, under paragraph (b) of sub-section (3) of section four, sections thirteen, fourteen and fifteen and sub-section (4) of section sixteen;
- (o) obtains or attempts to obtain, or aids and abets any

verkry of iemand anders hulp en bystand verleen om dit deur middel van valse voorwendsels te verkry; en

- (p) 'n regulasie, of 'n proklamasie, bevel of kennisgewing wat kragtens die bepalings van sub-artikel (2) van artikel *ses-en-dertig* van krag is, by daad of versuim verontagsaam,

is aan 'n oortreding skuldig en by skuldigbevinding strafbaar —

- (1) in die geval van 'n oortreding waarna in paragraaf (a) verwys word, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar; en

- (ii) in die geval van 'n oortreding waarna in enige ander paragraaf van sub-artikel (1) verwys word, indien dit —

(aa) 'n eerste veroordeling ingevolge hierdie Ordonnansie is, met 'n boete van hoogstens vyftig pond of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of, in die geval van 'n oortreding waarna in paragraaf (b) van hierdie sub-artikel verwys word, en van 'n oortreding van die bepalings van sub-artikels (1) en (3) van artikel *twee* en van artikels *sewe*, *agt* en *nege*, of 'n versuim om dit na te kom, met sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf;

(bb) 'n tweede veroordeling ingevolge hierdie Ordonnansie is, met 'n boete van hoogstens honderd pond of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf;

(cc) 'n derde of daaropvolgende veroordeling ingevolge hierdie Ordonnansie is, met 'n boete van hoogstens tweehonderd-en-vyftig pond of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

(2) Dit is 'n afdoende verweer teen 'n aanklag kragtens paragraaf (b) van sub-artikel (1) van hierdie artikel as die beskuldigde aan die hof bevredigende bewys lewer —

(a) dat hy die betrokke dier wettig ingevolge artikel *ses* aangehou het;

(b) dat hy, nadat hy in besit van die betrokke dier of ding buite die Gebied gekom het, dit wettig die Gebied ingebring het; of

(c) dat hy besit van die betrokke dier of ding in die Gebied verkry het —

(i) deur aankoop op 'n publieke veiling;

(ii) onder omstandighede wat geen redelike gronde om 'n oortreding van die bepalings van hierdie Ordonnansie te vermoed, openbaar het nie; of

(iii) op 'n tydstip nadat die Administrateur besluit het om daardie dier of ding nie te konfiskeer of van kant te maak nie.

(3) 'n Veroordeling weens 'n oortreding van 'n bepaling van 'n wet wat by hierdie Ordonnansie herroep is, of van 'n proklamasie, regulasie, bevel of kennisgewing daarkragtens uitgereik, uitgevaardig of gegee, word beskou as 'n vorige veroordeling kragtens hierdie Ordonnansie.

29. Ondanks andersluidende wetsbepalings het 'n magistratshof regsbevoegdheid om enige straf op te lê, waarvoor hierdie Ordonnansie voorsiening maak.

30. Wanneer dit in 'n vervolging weens 'n oortreding kragtens hierdie Ordonnansie nodig is om ter staving van die aanklag te bewys dat —

- (a) die beskuldigde kennis van 'n feit, aangeleentheid of saak gedra het, of 'n besondere opset gehad het, word dit vermoed dat hy sodanige kennis, of so 'n opset, na gelang van die geval, gehad het, tensy en totdat hy die hof bevredigende bewys lewer dat hy nie sodanige kennis gedra het nie, en dat hy nie deur die uitoefening van redelike ywer en versigtigheid sodanige kennis kon verwerf het nie, of dat hy nie so 'n opset gehad het nie;

other person to obtain, by means of false pretences, any compensation under this Ordinance; and

- (p) contravenes or fails to comply with any regulation, or with any proclamation, order or notice in force under the provisions of sub-section (2) of section *thirty-six*,

shall be guilty of an offence and liable on conviction —

- (1) in the case of an offence referred to in paragraph (a) to imprisonment for a period not exceeding five years; and

- (ii) in the case of an offence referred to in any other paragraph of sub-section (1), if it is —

(aa) a first conviction under this Ordinance, to a fine not exceeding fifty pounds or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months, or, in the case of an offence referred to in paragraph (b) of this sub-section, and of a contravention of, or failure to comply with, the provisions of sub-sections (1) and (3) of section *two* and of sections *seven*, *eight* and *nine*, to such imprisonment without the option of a fine or to both such fine and such imprisonment;

(bb) a second conviction under this Ordinance, to a fine not exceeding one hundred pounds or to imprisonment for a period not exceeding one year, or to both such fine and such imprisonment;

(cc) a third or subsequent conviction under this Ordinance, to a fine not exceeding two hundred and fifty pounds or to imprisonment for a period not exceeding two years, or to both such fine and such imprisonment.

(2) It shall be a sufficient defence to a charge under paragraph (b) of sub-section (1) of this section if the accused proves to the satisfaction of the court —

- (a) that he was lawfully detaining the animal concerned in terms of section *six*;

- (b) that having acquired possession of the animal or thing concerned outside the Territory, he introduced it lawfully into the Territory; or

- (c) that he acquired possession of the animal or thing concerned within the Territory —

(i) by purchase at a public sale;

(ii) in circumstances disclosing no reasonable grounds to suspect a contravention of the provisions of this Ordinance; or

(iii) at a time after the Administrator had decided not to confiscate or destroy such animal or thing.

(3) Any conviction for contravening any provision of any law repealed by this Ordinance or of any proclamation, regulation, order or notice issued, made or given thereunder, shall be deemed to be a previous conviction under this Ordinance.

29. Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained a Magistrate's Court shall have jurisdiction to impose any penalty provided for in this Ordinance.

30. Where in any prosecution for any offence under this Ordinance it would be necessary in order to establish the charge, to prove that —

- (a) the accused had knowledge of any fact, matter or thing, or had any particular intent, it shall be presumed that he had such knowledge, or such intent, as the case may be, unless and until he proves to the satisfaction of the court that he had no such knowledge and that he could not by the exercise of reasonable diligence and vigilance have gained such knowledge, or that he had no such intent;

- (b) die beskuldigde vermoed het of redelik gronde gehad het om te vermoed dat 'n feit bestaan, word dit vermoed dat hy aldus vermoed het of, na gelang van die geval, dat hy redelik gronde gehad het om aldus te vermoed, tensy en totdat hy aan die hof bevredigende bewys van die teendeel lewer;
- (c) die beskuldigde ten tye van die pleging van die beweerde oortreding nie 'n permit, skriftelik toestemming of ander magtiging besit het nie wat hom gemagtig het om die handeling te verrig wat hy, na bewering verrig het, word dit vermoed dat hy op daardie tydstip nie so 'n permit, toestemming of magtiging besit het nie, tensy en totdat hy aan die hof bevredigende bewys van die teendeel lewer;
- (d) die beskuldigde sekere diere na of van enige grond verwyder het, of toegelaat het dat dit gedoen word, en daar word bewys dat hy op 'n tydstip, wat sover dit die aanklag betref, ter sake is, 'n sekere aantal diere, van die soort wat na bewering verwyder is, op daardie grond gehad het en dat hy daarna, op 'n tydstip wat aldus ter sake is, 'n groter of kleiner aantal sulke diere, na gelang van die geval, daarop gehad het, word dit vermoed dat hy 'n aantal diere, gelyk aan die verskil tussen die getalle op sodanige verskillende tydstippe, na of vanaf daardie grond, na gelang van die geval, verwyder het of toegelaat het dat dit gedoen word, en is dit onnodig om te bewys dat hy 'n besondere dier verwyder het of toegelaat het dat dit gedoen word, maar is dit 'n afdoende weerlegging van hierdie vermoede indien die beskuldigde aan die hof bevredigende bewys lewer dat hy nie daardie diere of enige daarvan verwyder het nie, en dat hy alle redelike maatreëls getref het om te verhoed dat hulle afdwaal of verwyder word;
- (e) die beskuldigde die plaasvind van 'n gebeurtenis toegelaat het of versuim het om te verhoed dat dit plaasvind, en daar word bewys dat sodanige gebeurtenis plaasgevind het, word dit vermoed dat hy die plaasvind daarvan toegelaat het of, na gelang van die geval, versuim het om te verhoed dat dit plaasvind, tensy en totdat hy aan die hof bevredigende bewys lewer dat hy alle redelike ywer aan die dag gelê het en alle redelike voorsorgsmaatreëls getref het, maar nie die plaasvind daarvan kon verhoed nie;
- (f) 'n dier afgedwaal het, en dit word bewys dat daardie dier op grond gevind is, waar dit, kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, nie behoort te wees nie, en toe dit aldus gevind is, dit nie deur iemand opgepas is nie of deur of namens sy eienaar weggeja geword is, word dit vermoed dat dit na daardie grond afgedwaal het, tensy en totdat die beskuldigde aan die hof bevredigende bewys van die teendeel lewer; of
- (g) 'n kennisgewing wat die tydstip of tussenpose vir die doen van iets vasstel, wat kragtens hierdie Ordonnansie gereeld op 'n vasgestelde tydstip of by vasgestelde tussenpose gedoen moet word, aan iemand bestel is, en dit word bewys dat hy so iets by drie agtereenvolgende geleenthede op sodanige tydstip of by sodanige tussenpose gedoen het, word dit vermoed dat sodanige kennisgewing behoorlik aan hom bestel is, tensy en totdat hy aan die hof bevredigende bewys van die teendeel lewer.
- (b) the accused suspected or had reasonable grounds to suspect the existence of a fact, it shall be presumed that he did so suspect or, as the case may be, had reasonable grounds so to suspect, unless and until he proves the contrary to the satisfaction of the court;
- (c) the accused was not at the time of the commission of the alleged offence the holder of a permit, written consent or other authority empowering him to do the act which he is alleged to have done, it shall be presumed that at the time he was not the holder of such permit, consent or authority, unless and until he proves the contrary to the satisfaction of the court;
- (d) the accused had moved or permitted to be moved certain animals to or from any land, and it is proved that at a time relevant to the charge he had upon such land a certain number of animals of the kind alleged to have been moved and that subsequently, at a time relevant to the charge, he had a greater or a smaller number of such animals on such land, as the case may be, it shall be presumed that he moved or permitted to be moved to or from such land, as the case may be, a number of animals equal to the difference between the numbers at such different points of time, and it shall not be necessary to prove that he moved or permitted to be moved any particular animal, but it shall be sufficient rebuttal of this presumption if the accused proves to the satisfaction of the court that he did not move such animals, nor any of them, and that he took all reasonable measures to prevent them from straying or being moved;
- (e) the accused allowed, or failed to prevent the occurrence of any thing, and it is proved that such thing occurred, it shall be presumed that he allowed, or, as the case may be, failed to prevent, its occurrence, unless and until he proves to the satisfaction of the court that he used all reasonable diligence and took all reasonable precautions but could not prevent its occurrence;
- (f) an animal had strayed, and it is proved that such animal was found upon land where, under the provisions of this Ordinance, it should not be and, when so found, was unintended by any person, or was being driven off by or on behalf of its owner, it shall be presumed that such animal had strayed on to such land unless and until the accused proves the contrary to the satisfaction of the court; or
- (g) a notice fixing the time or interval of doing any thing required to be done regularly at a fixed time or interval under this Ordinance, was served upon any person, and it is proved that he did such thing on three consecutive occasions at such time or interval, it shall be presumed that such notice was duly served upon him, unless and until he proves the contrary to the satisfaction of the court.

31. (1) By 'n vervolging weens 'n oortreding ingevolge hierdie Ordonnansie word die aantekeninge wat deur 'n beampte of gemagtigde persoon in die loop van sy diens gehou word, by voorlegging daarvan deur so 'n beampte of persoon, of iemand in wie se bewaring dit is, beskou as *prima facie* bewys van die feite daarin opgeteken.

(2) Niemand buiten 'n beampte of gemagtigde persoon mag, behalwe met die toestemming van die Administrateur, insage in aantekeninge wat kragtens en vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie gehou word, verleen word nie, en geen sodanige aantekeninge mag in 'n ander regsding as 'n vervolging weens 'n oortreding kragtens hierdie Ordonnansie gebruik word nie.

31. (1) In any prosecution for an offence under this Ordinance any record kept by any officer or authorized person in the course of his duty shall be *prima facie* proof of the facts therein recorded upon its production by such officer or person, or person in whose custody it is.

(2) No person, other than an officer or authorized person, shall, except with the Administrator's consent be given access to any record kept under and for the purposes of this Ordinance, and no such record shall be used in connection with any legal proceedings other than a prosecution for an offence under this Ordinance.

32. (1) Die bestelling van 'n kennisgewing of ander dokument kragtens hierdie Ordonnansie kan bewerkstellig word —

- (a) deur 'n afskrif daarvan aan die persoon aan wie dit bestel moet word, self te oorhandig;
- (b) deur so 'n afskrif by sy gewone of jongsbekende woon- of besigheidsplek te laat;
- (c) deur so 'n afskrif per aangetekende pos na sy gewone of jongsbekende woon- of besigheidsplek te stuur; of
- (d) op sodanige ander wyse, met inbegrip van 'n wyse van bestelling wat nie vereis dat die kennisgewing of ander dokument of 'n afskrif daarvan aan daardie persoon oorhandig word nie, wat die Administrateur voorskryf: Met dien verstande dat indien die persone op wie so 'n wyse van bestelling van toepassing gemaak word, naturelle is, die Administrateur die Minister van Naturellesake moet raadpleeg voordat hy dit voorskryf.

(2) Wanneer grond deur twee of meer persone gesamentlik besit word, word 'n kennisgewing of dokument wat kragtens hierdie Ordonnansie aan enigeen van hulle as eienaar van die grond bestel word, beskou as aan hulle almal bestel.

(3) In 'n vervolging weens 'n oortreding ingevolge hierdie Ordonnansie is 'n dokument wat volgens sy inhoud 'n beëdigde verklaring is, afgelê deur iemand wat daarin beweer dat hy, handelende op gesag kragtens hierdie Ordonnansie aan hom verleen, aan die beskuldigde ooreenkomstig die bepalings van sub-artikel (1) van hierdie artikel 'n kennisgewing of ander dokument bestel het, en die besonderhede van daardie kennisgewing of ander dokument en die tydstip, plek en wyse van bestelling uiteensit, by die blote voorlegging daarvan, maar *mutatis mutandis* onderhewig aan die bepalings van sub-artikel (5) van artikel tweehonderd ses-en-twintig van die Kriminele Prosedure en Bewyslewering Proklamasie 1935 (Proklamasie 30 van 1935) *prima facie* bewys dat daardie kennisgewing of dokument behoorlik aan die beskuldigde bestel en deur hom ontvang is.

(4) In so 'n vervolging is dit nie 'n verdediging nie dat die beskuldigde inderdaad nie 'n kennisgewing of ander dokument ontvang het nie, indien daar bewys word dat hy geweier het om dit te ontvang toe dit aan hom persoonlik of per aangetekende pos aangebied is, of dat hy geweier of versuim het om 'n handeling te verrig wat van hom vereis word kragtens 'n wyse van bestelling wat ingevolge paragraaf (d) van sub-artikel (1) voorgeskryf is, tensy hy aan die hof bevredigende bewys lewer dat sy versuim nie aan gebrek aan ywer van sy kant te wyte was nie.

33. Geen bepaling van hierdie Ordonnansie word vertolk as sou dit 'n daad of versuim van 'n beampte, of van 'n persoon wat deur die Administrateur gemagtig is om ondersoek, proefneming of navorsing te doen in verband met 'n siekte, verbied, vir sover dit sodanige ondersoek, proefneming of navorsing bevorder.

34. Die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens is nie aanspreeklik nie op grond van —

- (a) sy weiering om 'n dier of ding te vervoer omrede -
 - (i) die verwydering daarvan kragtens hierdie Ordonnansie verbied is; of
 - (ii) vir die verwydering daarvan 'n permit kragtens hierdie Ordonnansie vereis is, en die af-sender versuim het om so 'n permit aan die Administrasie te toon;
- of
- (b) sy aanhouding of beskikking oor 'n dier of ding ooreenkomstig 'n bevel wat deur die direkteur of die Administrateur kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie uitgereik is.

35. Hierdie Ordonnansie bind die Administrasie.

36. (1) Die wette in die Bylae vermeld word hierby behoudens die bepalings van sub-artikel (2), herroep in die mate wat die derde kolom daarvan aandui.

32. (1) Service of any notice or other instrument under this Ordinance may be effected —

- (a) by delivering a copy thereof personally to the person upon whom it is to be served;
- (b) by leaving such copy at his usual or last known place of residence or business;
- (c) by sending such copy by registered post to his usual or last known place of residence or business; or
- (d) in such other manner, including a mode of service not requiring the notice or other instrument or a copy thereof to be delivered to such person, as the Administrator may prescribe: Provided that if the persons to whom such mode of service is made applicable are natives, the Administrator shall consult with the Minister of Native Affairs before prescribing it.

(2) If any land is owned jointly by two or more persons any notice or instrument which is under this Ordinance served upon any one of them as owner of such land shall be deemed to have been served upon them all.

(3) In any prosecution for an offence under this Ordinance a document purporting to be an affidavit made by a person who therein alleges that, acting upon authority conferred upon him under this Ordinance, he served upon the accused in accordance with the provisions of sub-section (1) of this section a notice or other instrument, and sets forth the particulars of such notice or other instrument, and the time, place, and manner of service, shall upon its mere production, but subject, *mutatis mutandis*, to the provisions of sub-section (5) of section two hundred and twenty-six of the Criminal Procedure and Evidence Proclamation, 1935, (Proclamation 30 of 1935), be *prima facie* proof that such notice or instrument was duly served upon the accused and received by him.

(4) In any such prosecution it shall be no defence that the accused did not in fact receive a notice or other instrument, if it is proved that he refused to accept such notice or other instrument when it was tendered to him either personally or by registered post, or that he refused or failed to do any act required of him under any mode of service prescribed under paragraph (d) of sub-section (1), unless he proves to the satisfaction of the court that his failure was not due to any lack of diligence on his part.

33. Nothing in this Ordinance contained shall be construed as prohibiting any act or omission of any officer, or of any person authorized by the Administrator to conduct any investigation, experiment or research in connection with any disease, in so far as it is in furtherance of any such investigation, experiment or research.

34. No action shall lie against the South African Railways and Harbours Administration by reason of —

- (a) its refusal to transport any animal or thing for the reason that —
 - (i) the removal thereof was prohibited under this Ordinance; or
 - (ii) for the removal thereof a permit was required under this Ordinance, and the consignor failed to produce such permit to such Administration;

or

- (b) its detention or disposal of any animal or thing in accordance with an order issued by the director or the Administrator under the provisions of this Ordinance.

35. This Ordinance shall bind the Administration.

36. (1) Subject to the provisions of sub-section (2) the laws set forth in the Schedule are hereby repealed to the extent shown in the third column thereof.

(2) 'n Proklamasie, regulasie, bevel en kennisgewing uitgereik, uitgevaardig of gegee kragtens 'n wet wat by sub-artikel (1) herroep is, en wat by die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie van krag is, bly van krag totdat hulle kragtens hierdie Ordonnansie ingetrek word, en enige ander daad of stap wat kragtens 'n bepaling van 'n aldus herroepde wet gedoen is, word beskou as kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Ordonnansie gedoen.

37. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Dierselektes en -parasiete 1958, en tree in werking op 'n dag wat die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

BYLAE.

Nommer en Jaar van wet.	Kort titel van wet.	In hoeverre herroep
Proklamasie 8 van 1919.	Proklamatie op vervoer van levende have 1919	Die geheel.
Proklamasie 19 van 1920.	„Consignment of Cattle Proclamation,” 1920.	Die geheel.
Proklamasie 28 van 1920.	Veeziekten Proklamatie 1920.	Die geheel.
Proklamasie 57 van 1921.	Omheinings Proklamatie 1921.	Hoofstuk 2 (Artikels 9—17).
Proklamasie 24 van 1924.	Veeziekten Wijzigingsproklamatie 1924.	Die geheel.
Ordonnansie 5 van 1928.	Veesiekteswet-Wysigingsordonnansie 1928.	Die geheel.
Proklamasie 26 van 1928.	Verbode Gebiede Proklamasie 1928.	Artikels 2 (2) en 3(3).
Ordonnansie 11 van 1931.	Veesiektes (Wysigings) Ordonnansie 1931.	Die geheel.
Ordonnansie 10 van 1939.	Veesiektes-Wysigingsordonnansie 1939.	Die geheel.

(2) Any proclamation, regulation, order and notice issued, made or given under any law repealed by subsection (1) and in force at the commencement of this Ordinance, shall remain in force until withdrawn under this Ordinance, and any other thing done or action taken under any provision of a law so repealed, shall be deemed to have been taken or done under the corresponding provision of this Ordinance.

37. This Ordinance shall be called the Animal Diseases and Parasites Ordinance, 1958, and shall come into operation on a date to be fixed by the Administrator by Proclamation in the *Official Gazette*.

SCHEDULE.

Number and Year of law.	Short title of Law.	Extent Repealed.
Proclamation 8 of 1919.	Removal of Livestock Proclamation, 1919.	The whole.
Proclamation 19 of 1920.	Consignment of Cattle Proclamation, 1920.	The whole.
Proclamation 28 of 1920.	Diseases of Stock Proclamation, 1920.	The whole.
Proclamation 57 of 1921.	Fencing Proclamation, 1921	Chapter 2 (Sections 9—17)
Proclamation 24 of 1924.	Diseases of Stock Amendment Proclamation, 1924.	The whole.
Ordinance 5 of 1928.	Stock Diseases Law Amendment Ordinance, 1928.	The whole.
Proclamation 26 of 1928.	Prohibited Areas Proclamation, 1928.	Sections 2 (2) and 3 (3).
Ordinance 11 of 1931.	Diseases of Stock (Amendment) Ordinance, 1931.	The whole.
Ordinance 10 of 1939.	Diseases of Stock Amendment Ordinance, 1939.	The whole.